© Kopiereg

# Conquesta 2014

*(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)*
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

## Wiskunde 1 – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt– of swart kokipen** te gebruik. *(Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.)* Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. *(Sien voorbeeld 1 hieronder.)* Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(Sien voorbeeld 2 hieronder.)*

*Voorbeeld 1:-*

| 4. | a | b | | d |
|---|---|---|---|---|

*Voorbeeld 2:-*

| 4. | a | | | d |
|---|---|---|---|---|

*Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van **HADVOA** toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen **H**akies is, dan **A**nder (vierkantswortels, mag van, ens.), dan **D**eel en **V**ermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, **O**ptel en **A**ftrek (ook van links na regs).*

**1. Hoe moet die volgende uitgebreide notasie geskryf word as 'n getal?**

$(8 \times 10^3) + (5 \times 10^5) + (10 \times 10^2) + (3 \times 10^1)$

(a) 580 103 (b) 508 130
(c) 590 300 (d) 509 030

**2. Kies die regte teken(s) vir die oop spasie.**

$(7 \times 5) - 4$ ..... $7 + (5 - 4)$

(a) >, ≠ (b) <, ≠, (c) = (d) None

Ek is 'n 3-syfer getal. My laaste syfer is dubbel my middelsyfer en 4 keer my 1ste syfer. My 1ste syfer is 'n priemgetal.

**3. Watter getal is ek?**

(a) 312 (b) 248 (c) 520 (d) 224

**4. Watter twee tekens ontbreek in die volgende vergelyking?**

88 ... 4 = 2 ... 11

(a) x, + (b) ÷, x (c) +, x (d) ÷, +

**5. 26 + ½ van 8 x 4 = .....** *(Pas HADVOA reël toe.)*

(a) 848 (b) 120 (c) 168 (d) 42

Die som van 328 en 635 word afgetrek van die produk van 10 en 100.

**6. Watter van die volgende getalsinne pas die beste by die bostaande stelling?**

(a) (328 + 635) - (10 x 100)
(b) (635 - 328) - (100 ÷ 10)
(c) (100 x 10) - (635 + 328)
(d) (100 ÷ 10) - (328 ÷635)

*(Die produk is die antwoord van 'n vermenigvuldigsom)*

**7. Watter van die volgende is die regte antwoord vir die getalsin in vraag 6?**

(a) 953 (b) 370 (c) 37 (d) 973

**8. Wat is die 88ste letter in die ry?**

a, c, u, t, e, a, c, .....

(a) a (b) c (c) u (d) t

**9. Watter 2 syfers ontbreek in die patroon van getalle?**

15, 15, 14, 12, 9, ...?..., ...?...

(a) 4,1 (b) 6,2 (c) 9,8 (d) 5,0

***Het jy geweet?***

- *Lees altyd die x-as eerste op 'n **koördinaat rooster**.*
- *'n **Ruit** is 'n plat vorm (dit lyk soos 'n diamant) met 4 sye van gelyke lengte (gewys met 'n klein lyntjie deur hul), die teenoorstaande sye is parallel, en die teenoorstaande hoeke is gelyk.*
- *'n **Persentasie** is 'n manier om 'n getal uit te druk as 'n breuk van 100. Gestel jy wil weet watter persentasie 37 uit 50 is? Skryf 37 uit 50 en vermenigvuldig dit met 100 oor 1.*
- *$8^4$ beteken 8 **tot die mag 4** of 8 maal met homself 4 keer. Bv. $8^4 = 8 \times 8 \times 8 \times 8 = 4\,096$. As a breuk bv. tot die mag 2 is, word dit met ditself vermenigvuldig.*
- ***Vergelyking of optelling van breuke** – maak die noemers dieselfde.*
- ***Om die noemers dieselfde te maak**, die maklikste manier is om beide die boonste (teller) en die onderste (noemer) van elke breuk te vermenigvuldig met die noemer van die ander.Dit werk altyd, maar jy sal die breuk dikwels dan moet vereenvoudig aan die einde.*
- *Om 'n **breuk in sy eenvoudigste vorm te skryf (of te vereenvoudig)** deel die teller en die noemer met dieselfde getal totdat jy nie meer dit kan doen nie. Nou sal jou breuk in sy eenvoudigste vorm wees.*

**10. Los die volgende vergelyking op deur die waarde van $p$ te gee.**

$14 - 7 - 1 + p - 10 = 31$

(a) 15 (b) 35 (c) 53 (d) 21

**11. Los vir $s$ op in die volgende vergelyking. *(Wat is s?)***

$\frac{s}{16} = 16$

(a) 16 (b) 1 (c) 256 (d) 265

**12. Los vir $y$ op in die volgende vergelyking, waar $n = 4$**

$y = n \times 3 + 56 + 2 \times n$

(a) 76 (b) 280 (c) 61 (d) 80

**13. Wat is die waarde van $x$ ?**

$\frac{x}{9} + 6 = 8$

(a) 8 (b) 18 (c) 66 (d) 126